# Vergelykings

Naam:




**In die HAT word ŉ vergelyking as volg beskryf.**

ŉ Vergelyking is ŉ stylfiguur waarby twee dinge met mekaar vergelyk word, byvoorbeeld so soet soos suiker. ŉ Vergelyking vra dat ons een ding met ŉ ander vergelyk en dan gebruik ons woorde soos: soos, so, dan en as.

**Leer die volgende vergelykings**

| | |
|---|---|
| So vinnig soos blits | So vinnig soos die wind |
| So oud soos die berge | So stadig soos ŉ skilpad |
| So groen soos gras | So rooi soos bloed |
| So wit soos was | So wit soos sneeu |
| So wit soos ŉ laken | So soet soos stroop |
| So soet soos suiker | So bitter soos gal |
| So honger soos ŉ wolf | So maer soos ŉ kraai |
| So vet soos ŉ vark | So sterk soos ŉ os |
| So swak soos ŉ lammetjie | So moeg soos ŉ hond |
| Hy bewe soos ŉ riet | So lig soos ŉ veer |
| So dood soos ŉ mossie | So glad soos seep |
| Dit is so warm dat die kraaie gaap | So plat soos ŉ pannekoek |









# Oefening 1

**Lees die volgende woorde in die tabel hardop. Skryf dan die woorde in die regte sinne.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| mol | dood | skilpad | vark | kraai |
| bees | riet | kwartel | muis | nag |
| lam | laken | hond | riet | mossie |

1. Hy is so stadig soos ŉ ______________________________.
2. Die bok is so mak soos ŉ ______________________________.
3. Sy is so dun soos ŉ ______________________________.
4. Ek was so siek soos ŉ ______________________________.
5. My oupa is so sterk soos ŉ ___________________________.
6. Ons buurvrou is so doof soos ŉ ________________________.

© e-classroom

7. Hy is so dood soos ŉ ______________________________.
8. Hy is so stil soos ŉ ______________________________.
9. Die man is so lelik soos die ______________________________.
10. Ma se gesig is so wit soos ŉ ______________________________.



# Oefening 2


**Soek die regte woorde:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| wolf | mes | leeu | strooi |
| pannekoek | perd | goud | veer |

1. Hoe dapper is hy? Hy is so dapper soos ŉ _______________.
2. Hoe droog is dit? Dit is so droog soos _______________.
3. Hoe galop hy? Hy galop soos ŉ _______________.
4. Hoe goed is dit? Dit is so goed soos _______________.
5. Hoe honger is hy? Hy is so honger soos ŉ _______________.
6. Hoe lig is dit? Dit is so lig soos ŉ _______________.
7. Hoe plat is dit? Dit is so plat soos ŉ _______________.
8. Hoe skerp is dit? Dit is so skerp soos ŉ _______________.







# Oefening 3

**Lees die volgende gedig hardop. Onderstreep die woorde as en soos in die gedig.**

## Voetbal speel

*Helena J.F. Lochner*

Die seuns is na die voetbalveld,
Daar sit hul orals rond.
Kouse, skoene, baadjies uittrek,
Laat lê maar op die grond!

Die kante word nou gekies,
Dit is 'n kaalvoet span,
Wat skrum en skop en vang en loop
So hard as hulle kan.

© e-classroom

En Jan, die domkop van ons klas,
Is op die voetbalveld,
Vir die wat kyk, en die wat speel –
Niks anders as 'n held!

Hy loop soos wind en vang nooit mis,
Hy plant jou op jou kop;
So lank as jy nog gras eet daar,
Het hy 'n doel geskop!

*Uit: Versieland (Human & Rossouw)*

# Oefening 4

**Leesbegrip**

Watter woorde in die gedig sê vir ons die volgende (noem die woorde en die strofe en versreël waarin dit voorkom)?

1. Waar die seuns is

______________________________

2. Dat hulle nie hulle klere mooi oppas nie

______________________________

3. Dat hulle sonder skoene speel

______________________________

4. Dat hulle baie hard speel

______________________________

5. Dat hulle Jan bewonder

______________________________

6. Dat almal dink hy speel goed

______________________________

7. Dat hy die ander seuns hard duik

______________________________

8. Dat hy vinnig hardloop

______________________________

© e-classroom

**Skryf al die sinne neer waarin daar vergelykings is.**

1. ______________________________
2. ______________________________
3. ______________________________
4. ______________________________
5. ______________________________
6. ______________________________

# Antwoorde

## Oefening 1

**Lees die volgende woorde in die tabel hardop. Skryf dan die woorde in die regte sinne.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| mol | dood | skilpad | vark | kraai |
| bees | riet | kwartel | muis | nag |
| lam | laken | hond | riet | mossie |

1. Hy is so stadig soos 'n ***skilpad***.
2. Die bok is so mak soos 'n ***lam***.
3. Sy is so dun soos 'n ***riet***.
4. Ek was so siek soos 'n ***hond***.
5. My oupa is so sterk soos 'n ***bees***.
6. Ons buurvrou is so doof soos 'n ***kwartel***.
7. Hy is so dood soos 'n ***mossie***.
8. Hy is so stil soos 'n ***muis***.
9. Die man is so lelik soos die ***nag***.
10. Ma se gesig is so wit soos 'n ***laken***.

## Oefening 2

**Soek die regte woorde:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| wolf | mes | leeu | strooi |
| pannekoek | perd | goud | veer |

1. Hoe dapper is hy? Hy is so dapper soos 'n ***leeu***.
2. Hoe droog is dit? Dit is so droog soos ***strooi***.
3. Hoe galop hy? Hy galop soos 'n ***perd***.
4. Hoe goed is dit? Dit is so goed soos ***goud***.
5. Hoe honger is hy? Hy is so honger soos 'n ***wolf***.
6. Hoe lig is dit? Dit is so lig soos 'n ***veer***.
7. Hoe plat is dit? Dit is so plat soos 'n ***pannekoek***.
8. Hoe skerp is dit? Dit is so skerp soos 'n ***mes***.

© e-classroom

# Oefening 4

**Leesbegrip**

Watter woorde in die gedig sê vir ons die volgende (noem die woorde en die strofe en versreël waarin dit voorkom)?

1. Waar die seuns is
   ***voetbalveld (strofe 1, versreël 1)***
2. Dat hulle nie hulle klere mooi oppas nie
   ***Laat lê maar op die grond (strofe 1, versreël 4)***
3. Dat hulle sonder skoene speel
   ***kaalvoet (strofe 2, versreël 2)***
4. Dat hulle baie hard speel
   ***so hard as hulle kan (strofe 2, versreël 4)***
5. Dat hulle Jan bewonder
   ***niks anders as ŉ held (strofe 3, versreël 4)***
6. Dat almal dink hy speel goed
   ***Vir die wat kyk, en die wat speel (strofe 3, versreël 3)***
7. Dat hy die ander seuns hard duik
   ***Hy plant jou op jou kop (strofe 4, versreël 2)***
8. Dat hy vinnig hardloop
   ***Hy loop soos wind (strofe 4, versreël 1)***

**Skryf al die sinne neer waarin daar vergelykings is.**

1. ***So hard as hulle kan. (Hulle speel dus baie hard.)***
2. ***Niks anders as ŉ held! (Hy word met ŉ held vergelyk.)***
3. ***Hy loop soos wind en vang nooit mis (Hy word met die wind vergelyk.)***
4. ***So lank as jy nog gras eet daar (Die persoon wat geduik is, word met ŉ graseter vergelyk. – m.a.w. die persoon wat geduik is, staan nie vinnig op nie.)***

*(Onderwyser bespreek die betekenis van al die vergelykings met leerders.)*

© e-classroom